Die volgende werk by gemelde myn is met ingang van dieselfde datum (d.i. 1 Oktober 1979) kragtens artikel 13 van genoemde Wet deur die Minister tot risikowerk verklaar:

1. *Uitgrawings:*

In enige ondergrondse of oop delfplek.

2. *Bogronds:*

(a) Waar die verskuiwing, oorplasing of hantering van klip, rots, erts of minerale plaasvind;
(b) waar die vergruising, sif of klassifisering van klip, rots, erts of minerale plaasvind, uitgesonderd waar dit onder water geskied;
(c) op uitskothope, stapels of ertsstapels, uitgesonderd waar die uitskot of erts in die vorm van slik gestort is of word, insluitende die plekke waar sodanige hope of stapels reeds gestort is;
(d) in rotsboorslypwinkels of enige ander plek waar bore in 'n gebou skerpgemaak word;
(e) in enige kleedhuis waar persone wat risikowerk verrig, hul verklee; en
(f) by enige rotsboorwerk.

No. 1757 17 Augustus 1979

ONTTREKKING VAN GROND AAN DIE AFPENNING VAN KLEIMS

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 41 (3) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere geproklameerde grond waarvan besonderhede in die Bylae hiervan verskyn, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*, aan die afpenning van kleims deur die publiek onttrek.

(18/5/1/272)

BYLAE

| *Beskrywing van grond* | *Benaderde grootte* ha |
|---|---|
| Gedeeltes van die plase— | |
| (a) Rietkuil 397 IP | 1 145,524 3 |
| (b) Rietkuil 414 IP | 282,963 1 |
| (c) Wolverand 413 IP | 45,576 5 |

almal in die distrik Klerksdorp, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, soos aangetoon op sketskaart RMT No. R4/79.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1760 17 Augustus 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE HISTORIESE SKEEPSKANONLOOP TE BELFAST

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese skeepskanonloop by die Hoërskool Belfast te Belfast, Transvaal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese skeepskanonloop van gietyster, waarop die inskripsie "GB 1803" of "CB 1803" voorkom, synde 'n roerende voorwerp wat in die voorportaal van die Hoërskool Belfast te Duggenstraat, Belfast, Transvaal, gehuisves word en waarvan die spesifikasies soos

The following work at the said mine has been declared risk work by the Minister, in terms of section 13 of the said Act, with effect from the same date (i.e. 1 October 1979):

1. *Excavations:*

In any underground or open working.

2. *On the Surface:*

(a) where moving, transferring or handling of stone, rock, ore or minerals takes place;
(b) where crushing, screening or classification of stone, rock, ore or minerals takes place, except where this is carried out under water;
(c) on waste dumps, piles or ore piles, other than where the waste or ore has been or is being deposited in the form of slime, including the places where such dumps or piles have already been deposited;
(d) in rock-drill sharpening shops or any other place where drills are sharpened in a building;
(e) in any change-house where persons who perform risk work change their clothing; and
(f) at any rock-drilling work.

No. 1757 17 August 1979

WITHDRAWAL OF LAND FROM THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (3) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdrawn from the pegging of claims by the public, as from the date of publication hereof in the *Gazette*, certain proclaimed land, details of which appear in the Schedule hereto.

(18/5/1/272)

SCHEDULE

| *Description of land* | *Approximate extent* ha |
|---|---|
| Portions of the farms— | |
| (a) Rietkuil 397 IP | 1 145,524 3 |
| (b) Rietkuil 414 IP | 282,963 1 |
| (c) Wolverand 413 IP | 45,576 5 |

all in the District of Klerksdorp, Mining District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, as shown on sketch plan RMT No. R4/79.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1760 17 August 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE HISTORIC NAVAL GUN BARREL AT BELFAST

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the historic naval gun barrel at the Belfast High School at Belfast, Transvaal, to be a national monument.

*Description*

The historic naval gun barrel of castiron, with the inscription "GB 1803" or CB 1803" thereon, being a movable object housed in the entrance lobby of the Belfast High School at Duggen Street, Belfast, Transvaal, of which the specifications are as follows: Mass

volg is: Massa 115 kg; lengte: 880 mm; deursnee, voor: 110 mm; deursnee, agter: 180 mm; kaliber: 60 mm. Dit rus op 'n smeeystervoetstuk van 520 mm breed en 400 mm lank.

*Historiese belang*

Tydens die Britse besetting van Port Natal in 1842 onder leiding van Kaptein T. C. Smith en die daaropvolgende skermutseling met 'n Voortrekkerkommando onder bevel van Generaal A. W. J. Pretorius het ene Bezuidenhout hierdie skeepskanonloop van die Britte gebuit. Dit is een van die heel eerste stukke wat die Voortrekkers van 'n vyand buitgemaak het. 10/2/692.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

115 kg; length 880 mm; diameter, front: 110 mm; diameter, rear 180 mm; calibre: 60 mm. It rests on a wrought-iron base, measuring 520 mm in width and 400 mm in length.

*Historical interest*

During the British occupation of Port Natal in 1842 under the leadership of Captain T. C. Smith and the subsequent skirmish with a Voortrekker commando under General A. W. J. Pretorius, one Bezuidenhout captured this naval gun barrel from the British. It was one of the very first objects to be captured by the Voortrekkers from an enemy: 10/2/692.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

---

No. 1793 17 Augustus 1979

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN 'N NAAM EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike en munisipale owerhede, vereniging en persoon het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van hulle heraldiese voorstellings en naam. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstellings of naam beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker.*—Die Nasionale .22 Skietvereniging van Suid-Afrika. (H4/3/1/1063.)

*Naam.*—Die Suid-Afrikaanse Kleingeweerskietvereniging.

*Aansoeker.*—Munisipaliteit van Nelspruit. (H4/3/2/151.)

*Wapen.*—Golwend deursnede van groen en goud, op die snylyn 'n golwende dwarsbalk golwend deursnede van silwer en blou, in die skildhoof regs 'n gerf en links 'n ploeg, alles van goud, en in die skildvoet, op 'n los grond, 'n sitrusboom, alles van groen, bevrug van goud.

*Helmteken.*—'n Gaande rooi leeu wat 'n regopstaande goue vlagpaal voer, wapperend daaraan 'n blou vlag belaai met golwende tweelingbalke van silwer, oor alles heen, op 'n los grond, 'n sitrusboom, alles van goud, bevrug van rooi.

*Wrong en dekklede.*—Goud en groen.

*Wapenspreuk.*—ANIMO ET FIDE.

*Aansoeker.*—Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika Bpk. (H4/3/3/40.)

*Kenteken.*—Binne-in 'n geledigde grondplan van die Kasteel die Goeie Hoop, in groen, goud gesoom, 'n groen tandrat belaai met drie goue kanonlope omgekeerd gaffelsgewys gerangskik, mondstukke na buite.

No. 1793 17 August 1979

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND A NAME AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official and municipal authorities, association and person have applied, in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of their heraldic representations and name. Anyone wishing to object to the registration of these heraldic representations or this name, on the grounds that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice, upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—The National Small-bore Rifle Association of South Africa. (H4/3/1/1063.)

*Name.*—The South African Small-bore Rifle Association.

*Applicant.*—Municipality of Nelspruit. (H4/3/2/151.)

*Arms.*—Per fess wavy Vert and Or, a bar wavy per fess wavy Argent and Azure, between in chief dexter a garb and sinister a plough Or, and in base, upon an island, a citrus tree Vert fructed Or.

*Crest.*—A lion passant Gules, bearing a flagpole erect Or, flotant therefrom a banner Azure, charged with bars gemelle wavy Argent, and over all, upon an island, a citrus tree Or fructed Gules.

*Wreath and mantling.*—Or and Vert.

*Motto.*—ANIMO ET FIDE.

*Applicant.*—Armaments Corporation of South Africa Ltd. (H4/3/3/40.)

*Badge.*—Within a voided groundplan of the Castle of Good Hope Vert, edged Or, a cogwheel Vert, charged with three gun-barrels pallwise inverted, muzzles outward, Or.